### *Julius werk die fariseërs weg*

**162** Op daardie oomblik kom daar berig uit die stad dat die groep aangekondigde nuutgebakte fariseërs en skrifgeleerdes uit Bethlehem daar aangekom het, en dat hulle `n geskrewe en deur die tempel ondertekende bevel by hulle het waarin staan dat die inwoners van Genésaret streng bestraf sal word as hulle hulle nie onverwyld kosteloos oor land of oor die water na Násaret sal vervoer nie!

[2] **Ebahl** sê, baie ongerus oor sulke eise van die kant van die tempel af: "Meester, so gaan dit nou jaar in en jaar uit. U is nou nog maar net vyf dae hier en U het reeds die vierde tog van hierdie leeglopers meegemaak. Hulle trek steeds maar heen en weer deur die land, en elke plek wat hulle by hul trektogte oorval, takel hulle dikwels erger toe as `n legioen sprinkane! As dit so tien keer per jaar gebeur, nou, dan sou ek nog vrede daarmee hê; maar om elke week twee, drie of vier sulke groepe onder jou dak te kry en hulle daarby ook nog alle moontlike hulp te moet verleen, daar sou selfs `n engel sy geduld by verloor en bowendien nog straatarm word ook! Wat moet ek nou doen? Regtig, ek doen, volgens vermoë, graag elke dag alle moontlike goed aan al die armes, maar hierdie skurke, hierdie ware foltermeesters van die arme mensdom sou ek alle dood en verderf wil toewens!"

[3] **Ek** sê: "Vriend, hou maar op daaroor; met geduld sal jy nog steeds die verste kom! Laat dit verder maar aan ons vriend Julius oor, hy sal hulle beslis vinnig deurstuur, en hulle sal dan wel rekening daarmee moet hou met die tipe voorkeur-behandeling, en sal hulle op die lange duur baie minder dikwels na die plek Genésaret begeef!"

[4] **Die hoofman** sê aan sy onderaanvoerder: "Haas jou, neem twintig man en gaan na die stad! Deel die onbeskaamde booswigte mee dat hierdie plek, vanweë die groot militêre besetting, haar in `n voortdurende staat van beleg bevind, en dat niemand haar sonder `n uitdruklike opdrag, afgegee deur `n Romeinse opperkommandant, mag betree nie! En as iemand haar wel betree het, dan word hy na die straf wat hy ontvang het, sy oë geblinddoek en sy ore met sagte modder dig gemaak, waarna sy hande en voete gebind word! In hierdie toestand word hy na `n seilskip gebring, op strooi gelê en vervolgens na die bestemde plek vervoer waar hy weer bevry sal word van alle hand-, voet-, oog-, en oorboeie, en sal met `n roeiboot aan land gesit word. Daarby moet aan hom egter onder bedreiging van die swaarste straf, die hernieude betreding van `n dergelike militêre staanplek, sonder regsgeldige toestemming van `n Romeinse militêre opperkommandant, verbied word. As die Bethlehemiete so `n bewys nie het nie, behandel hulle dan sonder uitsondering op hierdie wyse! As hulle geld het, dan kan hulle vir twee honderd pond silwer wel die tugtiging afkoop, maar nie die viervoudige boeie nie! As hulle egter geen geld het of as hulle nie wil betaal nie, moet elkeen van hulle, voordat hulle geboei word, vyftien slae met die roede op die tot aan die lendene ontblote rug kry! Dixi, fiat!" (Ek het gepraat, laat dit gebeur!)

[5] Na hierdie woorde van die hoofman haas die onderaanvoerder hom met twintig man na die stad en vind daar in die huis van Ebahl veertien fariseërs en skrifgeleerdes, wat die bediendes van die huis hardop verwens omdat die bediendes hulle nie volledig tegemoet wou kom oor hul brutale eis nie.

[6] Toe die onderaanvoerder hulle na hul vergunningsbewys vra, sê hulle (**die fariseërs**) brutaal: "Ons is priesters van Elohim, hier is die teken van die tempel en meer het ons in die hele wêreld nie nodig nie!"

[7] **Die onderaanvoerder** sê: "Hierdie plek bevind hom in `n voortdurende staat van beleg. Daar is `n strenge keiserlike wet wat bepaal dat, sonder enige uitsondering, geen vreemde so `n plek sonder die vasgestelde wetlike getoonde toestemming mag betree nie! Niemand kan hom verontskuldig deur onbekendheid met die wet nie! Omdat u, soos wat ek sien, die bewuste bewys nie het nie, betaal u vir u straf twee honderd pond silwer of u kry as u dit liewer het, elkeen vyftien slae met die roede op die ontblote rug! Daarna word u gebind met die bekende viervoudige Romeinse boeie en na `n plek, soos deur u bepaal, gebring. Dit alles moet nou sonder enige teëspraak gebeur, want elke vertraging en elke weerspannige weerwoord het `n verdubbeling van die straf tot gevolg!"

[8] Toe **die fariseërs en skrifgeleerdes** dit hoor, roep hulle Ebahl se huismeester en beveel hom om hulle dadelik die twee honderd pond silwer te leen. Maar hy (**die huismeester**) sê: "My meester het u tog nie gevra om te kom nie, waarom moet hy dan nou vir u betaal? Want om iets aan u leen staan gelyk met geld in die see gooi! U het buite tog veertien gepakte esels! Ontlaai die diere maar van tweehonderd pond, en daardeur sal u u rûe veilig stel vir die harde slae met die roede! Ek gee geen oortjie aan u nie!"

[9] Toe die fariseërs en skrifgeleerdes hierdie antwoord van die goeie en troue huismeester van Ebahl hoor, trek hulle `n baie suur gesig, gaan onder die baie onaangename begeleiding van die onderaanvoerder na buite na hul lasdiere, en ontlaai hulle sonder moeite van die tweehonderd pond silwer wat hulle te veel dra.

[10] Nadat die onderaanvoerder die geld opgeberg het, boei hy hulle dadelik op die bekende manier en laat hulle met hul lasdiere op `n groot seilskip bring, waar hulle soos kalwers op die strooi neergelê word, en vervolgens onder swaar bewaking oor water daarheen vervoer word waarheen hulle aangedui het hulle wil gaan. Die jong fariseërs en skrifgeleerdes bejammer hulleself natuurlik ontsettend, maar dit help hulle egter niks. - Na `n uur kom die onderaanvoerder weer by ons en vertel dat hy alles presies uitgevoer het soos wat die hoofman hom beveel het.

[11] Die hoofman prys hom en vra hom dan waar hy die geld gelaat het.

[12] En **die onderaanvoerder** sê: "Meester, ek het dit solank aan die regskape huismeester van Ebahl in bewaring gegee, maar u kan verder met die twee honderd suiwer pond silwer doen wat u wil."

[13] **Die hoofman** sê: "Dit is prima, hierdie kêrels sal aan ons Genésaret dink! Kom hulle hier verby, of neem hulle die roete deur die boonste klein arm? Of gaan hulle dalk deur die kanaal wat bo langs die klein arm, respektiewelik daarvan slegs deur `n hele smal landtong geskei, in die see uitkom, maar tog wel diep en breed genoeg is om `n seilskip met `n lading van `n dertigtal mense te dra sonder om die modder van die bodem te raak?"

[14] **Die onderaanvoerder** sê: "Om elke hindernis opsetlik te voorkom, vanweë die huidige Judese sabbat, het ek hulle deur die kanaal laat gaan."

[15] **Die hoofman** sê: "Alweer goed en verstandig! Jy sal weldra bevorder word, dit sê hoofman Julius vir jou! - Hulle sal hulle aan Genésaret herinner, en nie so vinnig weer terugkom nie!"

### *Julius vertel*

**163** "Ek (**Julius**) sê vir julle: Met hierdie mense moet sonder baie omhaal ongenadig mee afgereken word, anders kan daar saam met hulle nie gelewe word nie. Ek was daar beslis nooit ‘n mens om `n soort plesier daarin te skep wanneer ek deur omstandighede gedwing word om `n kwaai verstokte sondaar te moet straf nie. Altyd het ek presies alle omstandighede wat so `n mens tot die misdaad kon gebring het, oorweeg. Maar hierdie Judese tempel-dienaars sou ek selfs eiehandig en met plesier die kop van die lyf kon slaan, omdat hulle regtig die ergste en hardnekkigste misdade begaan teenoor die arme mensdom. Hulle eie, baie miserabele soort oordrewe religieuse moraal grens, op die keper beskou, aan die sataniese!

[2] Ek het, toe ek in Jerusalem gestasioneer was, myself met eie oë en ore daarvan oortuig hoe hulle by `n mens, wat slegs `n paar geldstukkies in sy sak gehad het, die hemel en die hel aanroep om sy geld aan Elohim te offer! Die goeie, maar natuurlik swakke mens het werklik `n geldstuk afgestaan, en verontskuldig hom daarvoor dat hy die tweede geldstuk nie kon gee nie, omdat die reis huistoe nog ver was, en dat hy sonder die een geldstuk onder-weg sou verhonger! Maar dit help niks nie! Die fariseërs oortuig hom daarvan dat dit vir sy siel in die hoogste graad seënryk sou wees om uit liefde en eerbied vir Elohim en Sy tempel op die terugweg te verhonger! As hy egter die geld sou behou, dan sou sy siel in der ewigheid nooit tot die veel geroemde aanskouing van Elohim kan kom nie, en dit sou haar lot wees om vir ewig in die vlamme van die toorn van Elohim te brand! Hierdie mens word toe bleek, begin te bewe, gryp met bewende hand na sy laaste geldstuk en offer dit ook. Toe mompel die kêrels so iets soos `n gebed vir die arme duiwel en gelas hom vervolgens om weg te gaan.

[3] Maar ek gaan agter die treurige mens aan, en toe ons heeltemal buite die tempel was gaan ek na hom toe en sê vriendelik ernstig aan hom: 'Goeie vriend, hoe kon jy nou tog so swak wees om jou deur hierdie rowers jou laaste besit uit die sak te laat klets!? Wat hulle in die tempel aan jou gesê het, dit het hulle self nog nooit geglo nie, maar hulle weet dat swakke mense hulle in hul blindheid as alwetende halfgode beskou, laat hulle uit bangheid al hul besit afgee en verbras dit dan deur baie luuksueus te lewe, terwyl die arme onderweg van honger sterf. - Hier is vir jou twee ander geldstukke in die plek daarvoor en gaan nou huistoe! Maar kom beslis nie weer hierheen terug nie! Want ek sê vir jou: Hierdie skynbare godshuis is `n rowershool en `n moordkuil waaraan `n egte Elohim nooit `n welgevalle kan hê nie!'

[4] Die mens kyk my `n oomblik baie verbaas aan, neem die geld uit my hand en sê uiteindelik: 'Groot meester! U moet wel meer weet as ek, u sal seker gelyk hê!' - Toe verlaat hy my en gaan na sy geboortestreek.

[5] Soortgelyke voorvalle het ek in die tempel egter duisend maal gesien. Ek was selfs daarby toe so `n sieleherder `n dogter bewerk het wat `n ryk moeder gehad het. As verstandige en verligte denkende vrou het die moeder die tempel staande offerblok nog nooit `n geldstuk ryker gemaak nie. Die sieleherder lê aan die dogter glashelder uit dat sy vir ewig verlore sou wees as sy haar nie tot die uiterste sou inspan om haar moeder heimlik van al haar geld te beroof nie, en die geld aan die tempel te offer. Gelukkig was die dogter eweas haar moeder Samaritaans gesind, en dit geluk die huigelaar en bedrieër nie om die dogter tot diefstal te verlei nie, wat my baie genoegdoening verleen het.

[6] By sulke geleenthede het ek meer as eenmaal gedink: As ek landvoog in Jerusalem was, sou die tempel al lankal van al die gespuis gesuiwer gewees het! Maar as iemand wat baie laer is as `n Romeinse landvoog, kan ek niks anders doen as om maar net sy bevel uit te voer nie.

[7] Met Pontius Pilatus was en is egter niks uit te rig nie. Hy is `n natuurvors, `n boesemvriend van die geleerdes van Pompeii en Herculanum, en bekom-mer hom weinig oor regeringsake. Hy laat Herodes en die tempelpriesters na willekeur heers, solank hulle hul skatting aan Rome net betyds en korrek betaal. Gelukkig hoort ek nie by die personeel van Pontius Pilatus nie, maar by dié van Cornelius, en hy staan weer onder die wyse en heel regverdige ou vader Cyrenius, wat net soos ek `n gesworе vyand van Jerusalem is. Daarom kan ek deur my vrye, en van Jerusalem die hele onafhanklike betrekking, die fariseërs en die godloënde skrifgeleerdes heel gepas bedien as hulle my toevallig op die lyf loop. U, my Elohim en Meester, sal my dit tog seker nie as sonde reken nie!?"